# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 13 MAART 2022

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (1)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Potgieter (9)

Simfonie van gebed om 18:00 in die kerk en aanlyn

Relevantdiens om 18:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser

## 'N SIMFONIE VAN GEBED

**Sondagaand 13 Maart 18:00 in die kerk**

Sluit by ons aan vir 'n aand van sang en gebed. Gaskunstenaars is Raymondo en Johannes van Staden-Slabbert. Toegang is gratis, kollekte sal wel opgeneem word. Geen besprekings vooraf is nodig nie.

## TAFELGESPREKKE VIR BESIGE FAMILIES

**Romeine 14 | *Wat maak regtig saak?***

Kom een aand rustig as gesin bymekaar en doen die volgende: Steek 'n **kers** aan en sê dankie dat die Here by julle is en vir julle as sy kinders sorg.

- Elkeen **deel** hoogte- en laagtepunte van die dag.
- **Ouers lees** eers die teksgedeelte vooraf en deel dan 'n vers met die gesin soos die Heilige Gees jou lei.
- **Wat** veroorsaak die grootste argumente binne julle gesin?
- **Hoe** hanteer julle die verskille? (Vind minstens een oplossing)
- **Hoe** kan julle mekaar tegemoet kom en aanvaar?
- **Gebed:** Here help ons om alles wat ons doen tot u eer te doen.

Weens die langnaweek en skoolvakansie sal die volgende tafelgesprek eers weer op 10 April beskikbaar wees.

**TWEEDE LYDENSWEEK**

**KONTAK ONS**


021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

**DEUROFFERS**

'n Persentasie van die kollekte word soos met eertydse deuroffers aan verdienstelike aksies afgestaan.

**JAM-span**

Jabulani Africa Ministries is in Apostelbattery-kampterrein, Llandudno, gesetel. Hulle bedien verskeie minderbevoorregte gemeenskappe oor die land heen en help ook vir Stellenberg met die aanbieding van kampe.

## 'N WEEK VAN GEBED 13 TOT 16 MAART

Tema | Van aangesig tot aangesig

Ds. Andries Cilliers bied vanaf 14 tot 16 Maart om 19:00 in die kerk en aanlyn die volgende drie-dag-kursus aan:

- **Maandag 14 Maart** | Van aangesig tot aangesig met God (Numeri 6:22-27).
- **Dinsdag 15 Maart** | Van aangesig tot aangesig met iemand na wie ek verlang (1 Tessalonisense 2:17-20; 3:6-13).
- **Woensdag 16 Maart** | Van aangesig tot aangesig met iemand wat ek vrees (Genesis 32:1-8, 22-32 en 33:1-11).

Kontantoffers kan volgens eie oordeel by die kursus gegee word. Kyk die aanlyn kursus op www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal.

## NUWE JEUGLERAAR

Die vakature is geadverteer en 'n beroep sal in Meimaand uitgebring word. Lidmate kan nominiasies aan odette@stellenberg.co.za stuur.

## BELYDENISKAMP 8 TOT 10 APRIL

Graad 12's wat belydenis van geloof wil aflê, word na die kamp uitgenooi. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za/relevantbediening.

## GROEP VIR LAAT TWINTIGS TOT DERTIGS

Indien jy in jou laat twintiger- tot dertigerjare is, sluit gerus aan by ons gesellige groep vir jonger lidmate wat elke tweede Woensdag om 18:30 in die markplein byeenkom. Kontak Jean by 074 616 6587.

## KOFFIE EN KRUMMELS IS OOP

Die koffiewinkel op die kerk se terrein is oop op weeksdae vanaf 07:00 tot 17:00, Saterdae vanaf 08:00 tot 13:00 en Sondae vanaf 08:00 tot 17:00. Die koffiewinkel funksioneer onafhanklik van die gemeente.

## TEETUIN EN KAFETERIA

Die gemeente se teetuin asook die kafetaria in die markplein word steeds elke Sondag na die oggenddienste aangebied. Kuier gerus in die markpleinarea en geniet 'n cappuccino saam met heerlike eetgoed. By die teetuin word tee en koffie gratis bedien.

### ANNIBRAND JUNIOR

Al die Annibrand Junior-groepe kom na die oggenddienste in die kleinsaal byeen. Daar is 'n groot verrassing.

### ANNIBRAND SENIOR

Elke Sondag om 18:00 in die kerk.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## 'N FOKUSPROGRAM VIR LYDENSTYD

**Om die tafel | Spyskaart . . .**

- **KYK | Woensdag 23 en 30 Maart**

Kyk na die kort inleidende video's oor die fokusprogram wat op al die gemeente se aanlyn platforms beskikbaar sal wees. (www.stellenberg.co.za, Facebook, Instagram en YouTube-kanaal)

- **AAN TAFEL SAAM MET JESUS | 6 tot 12 April**

Lees of luister die daaglikse dagstukke wat op Jesus se lydensweg sal fokus – www.stellenberg.co.za, YouTube-kanaal en Facebookblad.

- **OM DIE TAFEL SAAM MET DEON MEIRING**

**Maandag 11 April 19:00 in die kleinsaal**

Deon Meiring, musikant, digter en storieverteller, sluit by ons aan vir tafelgesprekke, sang en vertellings. Verversings word bedien. Toegang: R100 per persoon. Besprekings by Anneke 021 976 4519 of anneke@stellenberg.co.za.

- **OM DIE LANGTAFEL**

**Woensdag 13 April 19:00 in die markplein**

Kom sluit gerus aan by die langtafelete. Toegang is gratis en ons nooi lidmate om hulle eie piekniekmandjies saam te bring en saam met medegelowiges aan tafel te sit en eet.

- **OM DIE AVONDTAFEL | 14 April 19:00 in die kerk**

Ons herdenk die Avondmaal met die bediening van die nagmaal.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 17 Maart om 14:30 uit Jeremia 25: So lyk en klink die einde.

### HUISDIENS

Sondag 20 Maart om 18:00 in die eetsaal. Lukas 23:33-38: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie . . .

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue elke Maandag-oggend om 10:00, het na die ou kafeteria-area verskuif. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 4 April om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## VAKATURE TERREINBESTUURDER

Stellenberg-gemeente benodig die dienste van 'n terreinbestuurder wat verantwoordelik sal wees vir die algemene bestuur van die terrein, geboue, terreinpersoneel en bates, asook vir die verhuring en bespreking van lokale. Die geskikte kandidaat moet rekenaarvaardig wees en oor goeie organisasievermoë en menseverhoudinge beskik. Diensaanvaarding is 1 April 2022. Stuur 'n dekbrief en kort CV voor 25 Maart 2022 na odette@stellenberg.co.za. Rig navrae aan: Ds. René Potgieter by 021 976 4519/rene@stellenberg.co.za.

## VATVYF

Ons kom op Woensdag 16 Maart om 10:00 in die kleinsaal byeen. Rudolph van Schoor, berader verbonde aan die Stellenberg Terapiesentrum, kom gesels oor hoe 'n mens 'n sinvolle lewe kan lei.

Bespreek teen Maandag 14 Maart by Anneke, 021 976 4519, sodat ons weet hoeveel verversings om voor te berei.

## MET LEEDWESE

Hester Sophia Botha (20/2/1946 - 6/3/2022). Hester was sedert 1978 'n lidmaat van die gemeente en het in Springfonteinlaan gewoon. Haar gedenkdiens is op Vrydag 18 Maart om 14:00 in die kerk.

## BULLETIN EN DAGSTUKKE OP JOU SELFOON

**Bulletin:** Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

**Daaglikse stemboodskap:** Luister na die daaglikse stemboodskappe op jou selfoon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### AFVALWOL

Die vlytige breiers in die breigroep is altyd op soek na afvalwol. Skenk gerus enige bruikbare afvalwol. Dit word verwerk in truie, serpe en musse wat tydens die winteruitreike aan minderbevoorregte kinders uitgedeel word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.